DEEL 114 | WEEK 32 | 12 AUGUSTUS 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# DIE BOERE WAS GETREAT












Na meer as drie jaar verloop het sedert die laaste BoereTreat fees het die tyd uiteindelik aangebreek vir Heilbronners om een aand van hul sorge te vergeet. Boeretreat-lede het maande se harde werk en beplanning ingesit om die fees 'n reusesukses te maak. Die lede van hierdie welwillendheid instansie het besluit om dié jaar die BoereTreat *"Back to basics"* te doop. Jeanne le Roux Nel vertel dat hulle elke jaar 'n BoereTreat beplan het, maar dat Covid en die regering se regulasies 'n stokkie voor hulle planne gesteek het. Sy voeg by dat alhoewel hulle drie jaar laas so 'n fees ten bate van liefdadigheid gehou het, het die BoereTreat steeds aan die gemeenskap teruggegee. Daar was ook twee instansies wat elke jaar 'n kontantbydrae gemaak het om inwoners in die Heilbron gemeenskap te ondersteun. Heilbronners kon nie wag vir die 5de Augustus om aan te breek nie en alhoewel die fees op 'n Vrydag geval het, het dit min mense gekeer om dit by te woon. Die dag het begin met 'n potjie gholf vir die borge en ander lede wat wou saamspeel. Lekker pryse was op die spel, waarvan die wenners maar al te bly oor was. Fatman, wat eerste sy plek op die verhoog ingeneem het, het die skare behoorlik op hul voete gehad. Oud en jonk was aan die dans en sing op die wysie van "Ons gaan dorp toe". Herman Kleinhans en Riaan Benade het ook glad nie afgeskeep nie. Na die optrede het die skare heerlik verder gekuier en dalk 'n oestertjie of twee in die keel laat afgly.








# Uit die pen: Week 32 van 2022

So het ons mos nog die karprobleem, daar doer waar ek gewerk het. Ek het een dag, toe daar regtig niks meer was om mee te ry nie, die Nissan NP 300 van die jaar toet gekry om mee te ry. Ek weet nie of daar regtig 'n kragstuur was nie, maar myne het nie gewerk nie. Die remme moes jy so pomp-pomp en die ding wou met elke opdraende vrek.

Die kantspieëls was nie baie bestendig nie, dit het so aan die kant van die bakkie gevibreer. Die uitlaatstelsel was ook nie van die beste nie en daar het sulke dik bolle blou rook die lug in opgegaan.

Nou: ek is nie die langste mens op hierdie aarde nie, ek kon net-net oor die stuurwiel sien. Al het ek my sitplek tot min of meer onder die stuurwiel geskuif, was dit steeds nie hoog genoeg nie. Dit het kompleet gelyk of ek aan die stuurwiel hang om bo te bly.

Ons het gereeld in groepe skole besoek, want dit was makliker om dit so te doen. Veral wanneer die skool in die moeilikheid was. En wanneer daar min karre was.

Wanneer die hele groep 'n skool moes besoek vir 'n vieslike, vet inspeksie, boender ons soveel as moontlik in een kar in, soms tot 5 mense in 'n relatiewe kleinerige karretjie. Ons sit dan, soos wat Radio Kalahari Orkes sing: "Skouer aan skouer, sy aan sy."

Ons ry eenkeer na 'n skool in 'n dorp so 80 km van ons kantore af. Vier van ons in een kar. Ek dink aan die ou Hallelujalied en begin dit saggies neurie: "Jy in jou klein hoekie en ek in myn'". Die lywe sweet. Die lywe kry warm. Die lywe prààt. Ek maak af en toe my venster oop vir effense verligting, maar na drie sekondes voel ek weer dieselfde. Die lywe gesels en lag af en toe dat die sitplek liggies vibreer.

Ek loer oor die bestuurder se skouer na die lugversorger. Onthou jy hoe die ronde knoppie lyk? Aan die linkerkant is dit rooi en aan die regterkant van die knoppie is dit blou. Dis mos nou om "warm" en "koud" aan te dui.

Die knoppie is presies in die middel. En dis hoogsomer. Dus is die motor warmer as wat dit moet wees, maar kouer as wat dit kan wees. Ek vra die bestuurder of hy nie die lugversorger effens koeler kan stel nie.

Maar hoekom, vra hy.

Want dit is te warm, sê ek.

Jy verstaan nie, sê hy. Kyk waar is die knoppie: presies tussen rooi en blou. As hy dit meer na die blou kant toe draai, is dit heeltemal te koud, amper by vriespunt. Waar dit nou is, is dit presies reg: nie te koud nie en nie te warm nie.

Well, I pack my case, your honour.

Ek hou maar my venster effens oop en hyg soos 'n Cocker Spaniel wat pas 'n honderesies gehardloop het (en gewen het!) by die skrefie van die venster uit. Ek was verlig toe ons by ons bestemming uitkom en ons het nog nie oorverhit nie. Ek praat nou van die menselywe en nie die motor nie.

Met die terugtog het dit nie baie beter gegaan nie. Hierdie keer is ons vyf in die motor. Twee voor en drie agterin. Ek probeer so op die een boud sit. Ek dink ons kan dit as "kant-en-wal" beskryf. Gelukkig is dit nie meer so warm as toe ons soontoe gery het nie.

Ek verstom my aan die gesprekke wat rondom en bo-oor my gevoer word. Wanneer almal uitbars van die lag, ry die bestuurder effens stadiger. Wanneer die gesprek ernstig word, gee hy weer bietjie lepel.

Ek verstaan hier en daar 'n paar woorde van die gesprek, maar kan nie saam lag met die fynere nuanses nie. Synde ek 'n planmaker is, beraam ek ene.

Vrint David praat drie tale vlot. Een van hulle is wat ek tans in die motor hoor. Wanneer ek nie lekker kan verstaan nie, stuur ek blitsig vir hom 'n WhatsApp om te hoor wat die woord beteken.

Ek begin saam gesels, alhoewel in Engels. Aanvanklik is my medepassasiers effens uit die veld geslaan omdat ek die gesprek verstaan (dankie, vrint David). So volg ek die geselskap, lag saam en gooi hier en daar 'n Engelse kwinkslag in. Gelukkig word die pad al hoe korter.

Maar die gevoel van vasgedrukgeit wil my net nie los nie. My een boud word lam, en ek wonder in my enigheid of dit is waar die danssoort "Lambouda" vandaankom. Of is dit nou "Lambada". Iedergeval.

Dis moeilik om van die een boud na die ander te skuif, want dan moet ek die hele agterste sitplek organiseer: almal moet dan, soos in die weermag van ouds op 1, 2, 3 regdraai. En dit gaan effens stadiger as in die weermag.

In my kop sing ek saam met die Radio Kalahari Orkes terwyl ek probeer vergeet van die pyn in my lambouda:

Want jy besef terdeë, jou laaste kans verdwyn
Want jou gees is moeg, en jou liggaam pyn
Dan kom ek vir jou haal, dan kom ek vir jou sê
Ek sê? My vriend, o my vriend
Ons moet nooit gaan lê
Tot die bitter end, Tot die son uitbrand
Tot die see opdroog, anderkant die verste anderkant
Al staan ek alleen, Sal ek nooit gaan lê
Ek sal steeds hier staan, Vir jou die waarheid sê
Staan my by, my bra, staan my by, my bra
Skouer aan skouer, Sy aan sy
Staan my by, my bra, staan my by, my bra
Skouer aan skouer, Sy aan sy
Tot die bitter end, Tot die son uitbrand
Tot die see opdroog, Anderkant die verste anderkant
Al staan ek alleen, Sal ek nooit gaan lê
Ek sal steeds hier staan, Vir jou die waarheid sê
Staan my by, my bra, staan my by, my bra
Skouer aan skouer, Sy aan sy
Staan my by, my bra.

# AVBOB-SKENKING BRING HOOP IN HEILBRON

AVBOB-begrafnisdienste het onlangs hande gevat met die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) om die historiese grafte in die Heilbron-begraafplaas te herstel en te bewaar.

Die begrafnisondernemers het vroeër vanjaar onderneem om 'n skenking van R25 000 aan die kultuurorganisasie te maak, met die uitsluitlike doel om die konsentrasiekampkerkhof in dié begraafplaas op te knap en vir toekomende geslagte te bewaar.

Mnr. Pieter van der Westhuizen, hoofbestuurder van begrafnisdienste by AVBOB, het dié skenking aan die konsentrasiekampkerkhof gemaak, wat deur die FAK geadministreer sal word.

Jan-Danie Malan, kultuurkoördineerder van die sentrale provinsies, het gesê dat die FAK baie dankbaar is vir die skenking en opgewonde is om in Augustus amptelik te begin met herstelwerk by dié begraafplaas.

"'n Groep vrywilligers van die FAK in die Vrystaat het reeds moue begin oprol en beoog om op 6 Augustus die taak aan te pak om pale rondom die konsentrasiekamp te plant," het hy verduidelik.

"Tydens fase een van ons opknappingsprojek word pale met beton vasgemessel. Die sandsteenpale wat geplant word, is eg aan die Vrystaat en is gedurende die Anglo-Boereoorlog as telegraafpale tussen die Boerekommando's gebruik," het Malan verduidelik.

"Die projek sal in drie fases plaasvind. Met fase twee gaan ons drade span en uiteindelik, tydens fase drie, gruisklip rondom die monument inry."

"Die FAK bedank elke vrywilliger, en in besonder vir AVBOB, vir hul volgehoue ondersteuning om ons by te staan met die bewaring en uitbou van ons ryk kulturele erfenis," het Malan afgesluit.



*Danksy 'n groot skenking van AVBOB kan die FAK broodnodige opknappingswerk in die Heilbron Begraafplaas begin doen.*



*Jan-Danie Malan*



# 'HIS SERVANTS"-PROJEK

*School of Destiny se Graad 4 tot 12 leerders het Woensdag 10 Augustus die dorp netjies gemaak. Die leerders het orals in die dorp gestap en papiere opgetel vir hul "His Servants" projek.*

# VOORDELE VAN BORSVOEDING

Die Heilbron Kliniek het 'n projek geloods vir die kliniek se vrouens tydens die laaste twee maande van hul swangerskap. Zanné Solomon, 'n dieetkundige van Tokollo hospitaal het 'n baie leersame praatjie gelewer oor verskeie tegnieke van borsvoeding. Maria Motaung het in Sotho van die belangrike punte uitgelig sodat die mammas goed ingelig is. Die mammas het 'n boekmerk voltooi vir hul babas wat handel oor die voordele van borsvoeding. Ter ondersteuning van die projek het sr Letsele van die Tokollo hospitaal se kraamafdeling 'n donasie geskenk. Die dag is afgesluit met heerlike kuier en eet- en drinkgoed.

| | |
|---|---|
| B | Best for baby |
| R | Reduce the incident of allergies |
| E | Economical |
| A | Antibodies - greater immunity |
| S | Stool inoffensive |
| T | Temperature always ideal |
| F | Fresh milk |
| E | Emotionally bonding |
| E | Enough milk |
| D | Digested easily |
| I | Immediatly available |
| N | Nutritionally optimal |
| G | Gastro enteritis risks reduced |

Nappy nation & Late-Nite Video Heilbron

Nappy Nations verander van adres & eienaars!
Die besigheid sal voortaan by
Late Nite Videos langs ABSA bank wees.
10% Aflsag op alle
voorraad vanaf 15-20 Aug.

Uitverkoping op alle DVD's @ R20 elk
072 807 7790 | 076 868 3837

Dis vroue maand

ANTRIO Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

CH Tombstones & Granite Works

VAKANTE BETREKKING

CH Tombstones benodig die dienste van 'n Afrikaanssprekende man vir die oprig van grafstene, installasie van kombuisblaaie en algemene handewerk.

HY MOET DIE VOLGENDE KARAKTEREIENSKAPPE TOON:
* Betroubaar * Netjies en stiptelik * Hardwerkend
* Werkstrots

POSVEREISTES:
* Tegniese ondervinding in houtwerk en sweiswerk
* Voertuiglisensie: Kode 10
* Vaardigheid in algemene instandhouding

SLUITINGS DATUM 19DE AUGUSTUS 2022

CV'S KAN GESTUUR WORD NA
admin@chtombstones.co.za
084 640 9050

HBG | WESDAN | Louise Dohne Merino Stoet

VAKANTE BETREKKING

Onderdele, Voorraadbeheer en Kontrolebestuurder

Minimum vereistes: Matrieksertifikaat; Rekenaargeletterd; Geldige bestuurslisensie; Goeie kommunikasievaardighede; Goeie menseverhoudings; Selfdissipline en organisasie; Vorige ondervinding sal voordelig wees.

Posbeskrywing en Verantwoordelikhede:
- Die beheer van die algemene admin wat gepaard gaan met die pos.
- Voorraadbeheer van die saad, chemikalieë en kunsmis op al die plase.
- Voorraadbeheer van alle onderdele, gereedskap en toerusting op die plaas.
- Bestellings, kwotasies en verkryging van onderdele en toerusting.
- Beheer van die dieselvoorraad en bestellings.
- Die byhou van inventarisse van die gereedskap.
- Die skoonhou en netheid van die werkswinkel, store en terrein.
- Die instandhouding van die wasplek, toerusting en skoonmaakmiddels.

Sluitingsdatum: 12 Augustus 2022 | Mededingende pakket sal onderhandel word
Alle CV's kan gestuur word na hbh@carfone.net

Hoërskool Heilbron Augustus Program

Kontak: 058 852 3007

Revue 2022

19 Augustus
Dirk v der Westhuizen
19:00
Volwassenes R150
Kinders o/12 R100

20 Augustus
Hokkiedag

31 Augustus, 1ste en 2de Sept
Revue Ontmasker
Kaartjies vir 31 Aug en 1ste Sept R70
Gala-aand kaartjies, 2de Sept R200

13:30 VIR 14:00
BOEREDAG
25 AUGUSTUS 2022

KOM KRY ANTWOORDE OP DIE VOLGENDE VRAE

Wat gaan die kunsmis prys maak?
Highfert

Hoekom gooi ons kalk?
Agrisol

Is entstof op sojabone belangrik?
MBFi

Gaan onkruiddoder beskikbaar wees?
Villa

Almal Welkom

46 ELS STRAAT, HEILBRON (LANGS HEILBRON HERALD)
VERVERSINGS NA AANBIEDING

JCB JOHNNY CLAASSEN BEMARKING BK
IN SAMEWERKING MET
MBFi | villa | WILGE CHEM

# WORRYING QUESTIONS ABOUT BRIDGE PROJECT

DA councillor Robert Ferendale found no site manager nor any safety officer on duty when this week he inspected progress at the new pedestrian bridge being built between Sandersville and Section S.

The project started in February and was due for completion in September. "This is just not going to happen," Ferendale told Herald, "because right now it is only 15% completed." This week he found no sign of construction activity: "all they basically now seem to be doing is to pump water with a small generator-driven pump."

This despite an additional R7.6m over the initial contract cost having been hurriedly approved by Ngwathe's newly elected council last December. "This raised the total contracted cost almost R30 million," said Ferendale. The additional money was for a paved access road to the bridge. Ferendale claims nothing has been happening on site the past 10 days, and he found nobody at work there this week.

He planned to submit a number of "worrying questions" to the Technical Director (working with the so-called Project Management Unit of Ngwathe) yesterday.





*Op die foto vl: Desmond Adams en regs DA-raadslid Robert Ferendale by die verlate konstruksieterrein.*

# VELE HANDE, LIGTE WERK


Na vele klagtes wat aan die munisipaliteit gerig was oor die omstandighede van die stortingsterrein, is daar uiteindelik lig aan die einde van die tonnel. Die munisipaliteit het in samewerking met AfriForum op die 10de Augustus uiteindelik verbeteringe aan die terrein aangebring. Met die hulp van Gerrie Muller, voorsitter van AfriForum, Koot Naude, Wolter Bennink en dr Francois Theron, is die pad herstel. Gerrie Muller vertel dat hy gereël het met die munisipaliteit vir 'n TLB om gate te grawe sodat hulle die duikerpyp kan insit. Dit sal verhoed dat die water nie oor die pad spoel nie. 'n Stootskraper en 'n padskraper is ook gereël om die vullis langs die pad bymekaar te skraap waar daar 'n dubbelpad gemaak sal word. Daar word 'n beroep op die inwoners van Heilbron gedoen om die vullisterrein in stand te help hou.








# PETRUS STEYN LEERDERS PRESTEER




*Bernard van Eeden, rugbyspeler van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn is tydens die VKB-rugbytoernooi op Frankfort aangewys as die beste voorspeler van die toernooi.*

*Qulene Malindi, graad 3-leerder van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn het onlangs aan die Mental Maths-kompetisie op Bethlehem deelgeneem. Sy is een van die Top 6-leerders en dring deur na die volgende rondte in Bloemfontein.*

# LANDLOOP ATLETE PRESTEER






*Marizaan en Lizelle Swanepoel. Madeleen de Beer*

*Hoërskool Heilbron se landloop-atlete het die kwartaal aan die ASA landloop-liga begin deelneem en dadelik hul stempel afgedruk. Op Saterdag, 6 Augustus 2022, wen Hoërskool Heilbron 3 medaljes by die Fezile Dabi kampioenskappe: Madaleen de Beer (o/16: eerste plek), Lizelle Swanepoel (o/13: derde plek), Marizaan Swanepoel (o/10: eerste plek). Tydens die kampioenskappe kwalifiseer 4 van Hoërskool Heilbron se landlopers vir die Vrystaat kampioenskappe op 13 Augustus 2022 te Bloemfontein: Madaleen de Beer, Lizelle Swanepoel, Marizaan Swanepoel en Mia Janse van Rensburg.*

# HUPPEL TRIPPEL KLUB HET HUL 67 MINUTE GEDOEN







*Op 9 Augustus het die Huppel Trippel Klub hul 67 minute gedoen deur vir die siek en bedlêende inwoners van Huis Bron-van-Heil te gaan kuier. Elkeen het 'n pakkie chippies en 'n jogurt saamgeneem vir die persoon vir wie hulle gaan kuier het. Hierdie dade van omgee het waarskynlik vir die sieke en die gesonde ewe veel beteken. Hierdie omgee-gesindheid gaan 'n integrale deel van die Huppel Trippel Klub se visie vir die toekoms word. Op 23 Augustus is die program 'n VASVRA oor interessante onderwerpe. Elke senior in die dorp en die omgewing is welkom om te kom deelneem. Laat weet net sodat die klub vir jou 'n koppie tee/koffie en 'n eetdingetjie kan reël.*

# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late
Surname: **JANSE VAN RENSBURG**
First names: **CONRAD JOHAN**
Estate number: **006532/2022**
Identity/passport number: **430218 5112 089**
Date of death: **10/07/2022**
Last address: 74 Els Street, Heilbron, Free State, 9650
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205 / 591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**DATE SUBMITTED: 2022/08/02**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late
Surname: **LUBBE**
First names: **EMMERENTIA WILMELMIENA CATHARINA**
Estate number: **004979/2022**
Identity/passport number: **480906 0009 081**
Date of death: **25/04/2022**
Last address: 97 Pierce Street, Heilbron, 9650
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205 / 591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**REFERENCE: B0107/0508**
**TEL: 058 852 2035**
**DATE SUBMITTED: 2022/08/01**

## BOEDELKENNISGEWING

In die boedel van **WYLE SUSANNA ROUX LINDE,** Identiteitsnommer: 391119 0021 084, gebore 19 November 1939 en oorlede op 3 Augustus 2020, geskeide pensionaris van Nicolhof Woonstel no 2, Kerkstraat, Heilbron, 9650.
**BOEDELNOMMER: 5970/2020**
Ingevolge Artikel 35(5) van Wet 66 van 1965 word hiermee kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie en Distribusie rekening in bogemelde Boedel in die Kantore van die Meester van die Hoë Hof Bloemfontein en die Landdroskantoor Heilbron ter insae sal lê vir 'n tydperk van 21 dae en wel vanaf 12 Augustus 2022.
Geteken te Parys op 1 Augustus 2022.
**JC BURGER PROKUREURS,**
**25 VAN DER HOVENSTRAAT,**
**PARYS, 9585,**
**Verw: JC Burger/B110**

**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak**
HENDIE LÖTTER by Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late
Surname: **FERREIRA**
First names: **GEORGE DIEDERIK**
Estate number: **006537/2022**
Identity/passport number: **430717 5043 087**
Date of death: **07/07/2022**
Last address: 40 Cilliers Street, Heilbron, 9650
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205 / 591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**REFERENCE: B0107/0515**
**TEL: 058 852 2035**
**DATE SUBMITTED: 2022/08/01**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late
Surname: **DE JAGER**
First names: **WILLEM HENDRIK**
Estate number: **2959/2021**
Identity/passport number: **580202 5055 082**
Date of death: **13/02/2021**
Last address: 85 Breë Street, Heilbron, 9650
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 12 August 2022 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**(THE AUTHORISED)**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205 / 591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REFERENCE: AA SCHUTTE**
**DATE SUBMITTED: 2022/08/02**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late
Surname: **VAN TONDER**
First names: **WILLEM JACOBUS PETRUS**
Estate number: **9356/2021**
Identity/passport number: **350507 5011 085**
Date of death: **05/09/2021**
Last address: Huis Bron-van-Heil, Flat 10, District Heilbron, 9650
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 12 August 2022 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205 / 591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REFERENCE: AA SCHUTTE**
**DATE SUBMITTED: 2022/08/12**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
Vleissentraal
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BLOEDSKENKDATUMS - 2022**
Give life blood
**27 September 2022**
**29 November 2022**

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159



**LINDA LIEBENBERG PROPERTIES**
**082 577 3385**
T-HOD • Real Estate Qualification • NQF Fetc Level 5
***PRAGTIGE RUIM KARAKTERVOLLE WOONHUIS TE KOOP!***
*Baie sentraal geleë en binne loopafstand van die dorp. Ideaal vir die ontwikkelaar of vir die gebruik van kantoorfasiliteite. R890 000*
Dubbel erwe (onderskeidelik 953vm) groot.
Struktureel baie stewig (Oorspronklike mure is van klip.)
3 Baie ruim pragtige slaapkamers.
2 Badkamers (waarvan 1 splinternuut is met jacuzzi).
2 Storte en 2 baddens.
Ruim studeerkamer.
3 Besondere mooi kaggels.
Prag sitkamer met bay window.
Ruim netjiese kombuis met Defy Thermofan stoof.
Ruim leefareas.
Uitstekende sekuriteit met gekoppelde alarm.
Dubbelmotorhuise met dubbelafdakke.
Gevestigde tuin met ruim rondawel.
Spring vir hierdie geleentheid!
*Website: www.lindaliebenbergeiendomme.co.za*
*E-Mail: liebenberglinda@gmail.com*

**Petrus Steyn Internet**



Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Petrus Steyn en nabygeleë plase.
Kontak ons vir enige navrae of bystand:
071 608 7909







# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE**:
08:30 - 13:00
Herald Office National
Elsstraat 44
Heilbron
058 852 3033

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**BESOEK ONS VIR AL U SKRYFBEHOEFTE-BENODIGDHEDE**
Herald Office National
**heraldwinkel@heilbron.co.za**

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# SMALLS

**JAYS ELECTRICAL**
Het u 'n betroubare elektrisiën nodig wat Maandag tot Sondag 24/7 beskikbaar is.
**Kontak Jarryd**
**083 488 1640 - (Heilbron Area)**

# KENNISGEWING

**LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Title Deed T5164/1986 passed by **THE EXECUTOR IN THE ESTATE OF THE LATE CORNELIS WILHELMUS VAN COLLER**
**NUMBER: 2022/1984** in favour of **GERSUSDACORDOR (PROPRIETARY) LIMITED REGISTRATION NUMBER: 1985/03332/07 in respect of THE FARM BOSCHDRAAI 972 DISTRICT HEILBRON PROVINCE FREE STATE, THE FARM SPRINKAAN 1250 DISTRICT HEILBRON PROVINCE FREE STATE, THE FARM DROOGTE 1251 DISTRICT HEILBRON PROVINCE FREE STATE,**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at BETHLEHEM this 5 th day of AUGUST 2022
**Applicant: BREYTENBACH MAVUSO**
**Address: 12 UNION STREET BETHLEHEM 9701**
**e-mail address: susan@breytlaw.co.za**
**Contact number: 058 3075300**
**REF: M W MüLLER/SC/ABS/0110**

# ONBEDERFBARE PRODUKTE VIR MANDELADAG INGESAMEL







*Sandersville se leerders het meer as 400 blikkieskos en onbederfbare produkte vir Mandeladag ingesamel. Die hoof, Mev. Ruiters en personeel het dit goed gedink om dit in die gemeenskap uit te deel.*
*Foto regs onder: Tinktinkieland Kleuterskool in Sandersville.*
*Foto bo: Ringerstraat, Child and Youth Care Centre (ENGO) in Heilbron.*
*Foto regs bo: Mpolokeng Educare in Phiritina.*

# INTER AFRICA TOERNOOI



*Foto regs: Marli Marais, Chloë van der Schyff, Mariné Roodt en Zita Coetzee van Hoërskool Reitz het aan die Inter Africa tennistoernooi gaan deelneem.*

# BOOGSKIET-KOMPETISIE



*Danie Theron van Hoërskool Reitz het aan 'n boogskiet kompetisie deelgeneem. Hy het drie 1ste plekke en een 2de plek behaal.*

# SPELLING BEE COMPETITION



*Sandersville Combined School are very proud of their Gr 3 learners, Sofia Zahera and Katlego Ndayi, that were selected as part of the top 8 learners on 29 July 2022 at the Sasolburg Spelling Bee competition.*

# KLEUTERS LEER MEER VAN REPTIELE





*Die kleuters van Kleuterkasteel het 'n baie leersame aanbieding van reptiele geniet wat deur Eco Pilots in Pretoria aangebied is. Onder die reptiele was slange, paddas, skilpaaie en nog vele meer.*

# PETRUS STEYNERS BAIE TROTS OP HUL NETBALSPAN





*Petrus Steyn het hierdie jaar 'n dorp netbalspan begin om deel te neem aan die Oos-Vrystaat Liga. Die span doen baie goed in die liga en die hele Petrus Steyn staan bankvas agter die netbal dames en is baie trots op die span. Die span bestaan uit Sone Jacobs, Charmaine Cilliers, Deone Claasen, Michelle du Plessis, Beanca Booysen, Talita Hatting, Machel de Bruyn, Alicia Claasen, Maru Enslin, Atta Enslin, Chene du Toit, Carla Blom, Mienke Roos en Ina Claassen. Op Saterdag 30 Julie 2022 het Petrus Steyn netbal die wedstryd teen Bethlehem Legacy gewen 34 -16.*

# DO YOU REMEMBER STILL?

## *Heilbron's forgotten poet*

• ***Jean Meiring***

Just over a century ago, Heilbron had local shopkeeper RJ Swart as deputy mayor. One of his children was Vincent Swart (1911–1962), who, while studying at Cambridge around 1940, was considered a bright new voice in English poetry. This is a story about trying to rediscover that forgotten son of Heilbron.

Vincent Swart is an enigma. His legacy is a slim volume of poems that were scattered across magazines until, in 1981, the Wits academic Marcia Leveson collected them. In Collected Poems, there is an essay on Swart's life. Piqued by this beguiling figure, I went on a quest to find Vincent Swart.

Leveson says Swart "was born in 1911 in Heilbron, a small Free State town, where his father kept a general store". He and CR Swart, SA's last Governor-General (1959–61) and first State President (1961–67), she says, were first cousins – a surprising claim. During Blackie's stint as head of state, Vincent's role in the Struggle saw him incarcerated. Surely, this would have caused a scandal.

In his essay "The 1957 Alexandra Bus Boycott and its unsung heroes" (2019), the activist Roseinnes Phahle, who knew Vincent well, discusses his "experiences and recollections of the 1957 bus boycott in Alexandra", the Johannesburg township where he had grown up. In the section "Vincent and Lillian Swart", Phahle says this about Vincent and his second wife, Lillian (they were married c. 1940–1960):

"Swart could be deliberately obnoxious and facetious. He and his wife recounted that when they were courting, Lillian asked her parents why they opposed her marrying Swart. Her parents replied that when he was cross, he would call her a 'bloody Jew'. She told this to Swart and thereafter invited him to dinner with her parents. At the table, he asked Lillian to pass him the salt. When Lillian asked, 'I beg your pardon, what is it you want?', he replied, 'can you pass me the salt, you bloody Jew'. That was vintage Swart! Leveson says of him that he had 'an exciting, provocative manner of speaking'. But as Peter Horn correctly avers, he was a man completely free of racial prejudices' which he mocked relentlessly throughout his life."

Phahle accepted the claim about Blackie Swart:

"An Afrikaner, Vincent Swart was a former English lecturer at the University of the Witwatersrand … He came from a staunch National Party family. He was a first cousin of well-known fascist sympathizer and National Party politician C.R. Swart, who would serve as the Union of South Africa's last Governor-General and the Republic of South Africa's first State President once the country left the British Commonwealth in March 1961."

Phahle continues: "Despite his extreme right-wing family background, Swart devoted his life to political agitation for a left-wing cause and practically lived by day in Alexandra. He and his wife Lillian entered the township every day, organising and recruiting for the MDC." Swart had formed the Movement for a Democracy of Content (MDC), Trotskyite in its leanings, in the wake of a visit to the USA, where he had encountered an organisation with the same name.

Yet, this account is partially incorrect. As genealogical websites show, Vincent and Blackie were not first cousins. Both scions of the Swart family, they were on branches far apart. Also, Vincent was not especially Afrikaans. His mother, Mary Deary, was born in SA to Scottish Catholic parents. Leveson says that "[i]t was a bilingual home" – yet Vincent "grew up speaking English with an Afrikaans intonation" – and that Vincent, who was very close to his mother, "was raised in the Catholic faith". The language of his boyhood poems at Heilbron Secondary School suggests that Vincent attended the English class.

Therefore, his family background was not an "extreme right-wing" [read: Afrikaner] one.

In January 2022, I contacted Piet Lombard of the Riemland Museum first over its Facebook page. Vincent Swart doesn't ring a bell to him. Nor does Richard Johannes Swart, Vincent's father. I say that Swart père was a general dealer. I asked whether there was a town newspaper. Piet mentions a fire in the local paper's office; early copies went up in smoke.

Yet, he sends me a photo of Heilbron's Town Council 1919–20, lording it over a flattened leopard. In front, in a dress suit complete with a white waistcoat, a dark bow tie and a white carnation in a buttonhole, sits RJ Swart, the deputy mayor. He squares up to the camera, his generous moustache aquiver. In that year, his son Vincent turned nine.

Like Leveson, the enigmatic German writer Francis Nenik, who penned an essay on Swart, says RJ Swart's shop burnt down: "[O]n a beautiful August day in 1926, his father's general store burns to the ground. Vincent Swart's fate is, at this point, more or less sealed. …[N]o one ever paid for their university fees with the charred remains of a general store."

Where Nenik gets the date is unclear. Nevertheless, for the rest, he echoes Leveson: "A job in a bank is, therefore, the best thing available to young Vincent. But then hope arrives in the form of a woman from Switzerland. She is married to a local doctor. And she is rich. What's more, she thinks Vincent Swart has great talent. She gives him the money he needs to finance his studies. And so Vincent … enrolls as a student at Wits …"

Yet, this is not a wholly accurate picture. Soon, Lombard sends me pictures of old copies of the Heilbron Secondary School's annual. In the December 1927 edition appears an advertisement of Swart & Co. Had it burnt down 15 months before, Swart père refound his commercial feet very quickly.

In December 1930, the year after Vincent's matriculation, it is said that, owing to "the prevailing depression", "this year the mercantile community has had an uphill fight in common with all other sections of the community"; it had been hard to recruit advertisers. Also, the "printing of this number also gave difficulties … [T]he 'Heilbron Herald' Printing Works was burnt down during the year. The block of our cover was also lost in the fire. But one of the employees of the old works, namely Mr O. Wentworth, has again shown us that where there's a will, there's a way." Despite difficulties, the "fifth number" of the school's annual appeared.

The editorial goes on:

"Our School has had a period of prosperity. There are now 632 pupils on the roll … In the University examinations, the School reached high-water mark. Out of 28 candidates for Matriculation, 23 passed, of whom four were in the first and four in the second class … The four Matriculation candidates who obtained honours were George Cohen, Lyra Liebenberg, Max Segal and Vincent Swart."

Mrs Werdmüller, the Swiss wife of the local doctor, seems indeed to have bankrolled Vincent's successful studies at Wits. After Cambridge, having not completed a doctorate on John Donne, he taught at Wits and was involved in the Struggle.

Phahle says that Vincent Swart was detained without trial, banned under the Suppression of Communism Act, 1950, and confined to his home "at the time a smallholding in Linbro Park, alongside Alexandra … When he fell chronically ill, he wrote to BJ Vorster, the Minister of Justice, to ease the banning order … so that he might receive medical treatment in Hillbrow. In Linbro Park, there were no medical facilities."

In the face of silence, he again wrote to Vorster: he would disregard the order by moving to Hillbrow, which was close to medical treatment; he went on to do that. Although divorced, Lillian paid for the move and doctors.

Vincent Swart died on 15 December 1962; his dying wish was that his ashes be strewn over Alexandra.

*

Over his high-school years, the annual publishes much of Vincent's poetry, a copy of which Lombard sent me. In 1929, his Matric year, there is this one:

*Do you remember still?*
*Now that you have heartlessly gone,*
*I'm filled with despair,*
*But recollection lingers on*
*To paint those days so fair.*
*We wandered oft beneath that tree,*
*Where all is peace and still,*
*I spoke to you, you spoke to me…*
*Do you remember still?*
*We watched the brindled dawn arrive*
*And fill the world with light;*
*We gazed into those clearing skies,*
*With rapture and delight.*
*The cunning wind was still abed,*
*The clouds had gone to play,*
*The moon had half her brightness shed,*
*A smile o'er Heaven lay.*
*The lazy whispering of the sea*
*But emphasized that calm.*
*I spoke to you, you spoke to me…*
*Do you remember still?*
*A firmament of bright blue light*
*Above those dreaming trees,*
*The mountain still half clothed in night;*
*Oh what sweet memories!*
*I broke a blossom off a bough*
*To beautify your hair.*
*What sacrilege I think it now*
*To pluck a thing so fair!*
*That silence there, susceptible*
*And my own love for you.*
*Dearest, did that never fill*
*You with a love as true?*
*Though you are cruel as you are fair,*
*You cannot rob, though you may scorn*
*Me for this needless despair,*
*The memory of that peaceful dawn.*

• If anyone has any information on or photographs or documents depicting or mentioning Vincent Swart, his family, Mrs Werdmüller or anyone else related to this history, please contact the writer on 072 115 8962 or jeanmeiring@gmail.com. A longer version of this piece appears on www.litnet.co.za.















Foon 32. HEILBRON. Bus 32.
Algemene Handelaars en
Mass Uitrusters.

Die Goedkoopste Winkel
vir alle soorte
Musiek Instrumente, Naai Masiens, Tuie, Saals, Bokseile, en ook vir
Snyers Gemaakte Klere.

GEE ALTYD TEVREDENHEID.
Probeer ons.




*School Magazines*

# HERALD *Sport*

# BOERETREAT GHOLF 'N GROOT SUKSES





*Om honderd een en dertig gholfers te akkommodeer op 'n negeputjie baan is nie 'n maklike taak nie. Met sorgvuldige beplanning het die dag seepglad verloop en het almal wat deelgeneem het dit baie geniet. Elke speler is by die halfweghuis "getreat" met 'n Prego burger en na afloop van die spel kon goue kaartjiehouers 'n heerlike biefstuk geniet by die HBA restaurant. Uitstallers op elke putjie het die baan ingekleur met baniere en het spelers lekker saamgekuier met die borge, wat genoeg te drinke gehad het vir die meer dorstige gholfers.*

# ROLBALSPELERS VIER Só VROUEDAG



*Op die foto vl: Elza Kriel, Carine Kriek, Henriehett de Waal, Hannalie Claassen, Madeleine Fourie, Judith Joubert, Sonja Muller en Magda Dames.*

Rolbalspelers sal enige geleentheid gebruik om rolbal te speel en Dinsdag se Vrouedag was geen uitsondering nie. Die ink op die jaarlikse kalenders is kwalik droog dan word daar beplan vir hierdie ekstra "pasella" rolbaldae.

Vroegoggend se koue het nie die spelers afgeskrik nie. Lieb Kriek was die fotograaf en hy het seker gemaak dat die rolbal se mooi vrouens mooi "gesnap" word en daarna is lekker rolbal gespeel.


Soos reeds genoem sal die baan gesluit wees vanaf 15 Augustus vir die jaarlikse instandhouding.

Moenie bekommerd wees nie, alhoewel spel tot stilstand gedwing word, sal Edward Muller steeds op sy pos wees vir bring en braai en die verversings wat pas by die "choppies" en die "steaks". Moenie Woensdagaande voor die TV spandeer nie, kom kuier lekker by die rolbalklub.

Lede word weereens herinner aan die algemene jaarvergadering wat gehou sal word op 9 September 2022, 18:30 vir 18:00.

**JAARPROGRAM : 2022**
**RIEMLAND JAGTERSVERENIGING**

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 13 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 20 AUGUSTUS | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 03 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 08 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 09:00 |
| 15 OKTOBER | ALGEMENE JAARVERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 04 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2023 MOET NOU BETAAL WORD | |







JCB
Johann Claasen Boerdery

VAKANTE BETREKKING

Gekwalifiseerde Dieselwerktuigkundige
in Petrus Steyn

• Ondervinding van:
New Holland, John Deere en Case
• Verwysings noodsaaklik
• Moet kan reis na Bothaville en Christiana
• Proeftydperk sal van toepassing wees

CV's kan gestuur word na:
wilna@highfert.com

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 15 AUGUSTUS 2022**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

**DINSDAG -16 AGUSTUS 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

HANDHAAF Jaarlikse Vetveeveiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

LADYSMITH KZN: SANDSPRUIT & AMAKOSI BEEFMASTER BULVEILING
50 Bulle & 100 vroulike diere
11:00, plaas Oakdale
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

**WOENSDAG - 17 AUGUSTUS 2022**

DANIELSRUS Jaarlikse Vetveeveiling
Kontak Geyer Terblanche 072 564 6164

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

BLOEMFONTEIN: MERINO LANDSKAAP NASIONALE VEILING
60 Stoet- & kudderamme
11:00, Bloemskou
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

WOLMARANSSTAD: 62ste AMPTELIKE SAVM VEILING
60 Ramme
11:00, Skougronde
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656

**DONDERDAG - 18 AUGUSTUS 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

LINDLEY: ARMORY BOERDERY
140 Beeste (70 Rooi Angus speenkalwers)
11:00, plaas Kleinfontein
Kontak Geyer Terblanche 072 564 6164

VREDE: SUIDELIKE HOËVELD DRAKENSBERGER KLUB
42 Bulle
11:00, Veilingskrale
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

**VRYDAG - 19 AUGUSTUS 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

VENTERSBURG: AVELING BONSMARAS & VRIENDE
32 Bulle & 200 vroulike diere
11:00, plaas Welkomspruit
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bklouwid.co.za